

Lekkerbekkie Nuusbrief

19 NOVEMBER 2014 | UITGAWE 80



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Driesie hardloop resies
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Driesie hardloop resies deur Anna Emm

Driesie oefen hard vir die groot resies by sy skool. Al die kinders hardloop – rondom die veldjie en onder deur die driffie en verby die riviertjie – en die een wat eerste kom wen 'n groot prys.

Die oggend van die resies staan die kinders in 'n lang ry. Juffrou tel tot by drie, en dan spring hulle weg. Driesie hardloop só vinnig dat sy hare sommer regop staan. Hy is heel voor! Hy hardloop só vinnig, dat hy na 'n rukkie nie eens meer die ander kinders kan sien nie.

Net toe Driesie om die veldjie hardloop, hoor hy iemand roep: "Help! Help my! Asseblief, vinnige seuntjie!" Dis 'n hasie wat so skree. Sy wollerige stertjie sit in die doringbossie vas, en hy kan nie los nie. Driesie kyk oor sy skouer. Dáár onder in die pad kom die ander kinders aan. Hy is so ver voor, miskien kan hy gou die hasie help. Vinnig draf Driesie van die paadjie af, maak die hasie se wollerige stertjie los, en hardloop dan weer terug na die resies. Maar o aarde. Klein Piet het hom nou verbygesteek!

Driesie hardloop so vinnig as wat hy kan. Hy hardloop dat sy hempie so waai in die wind! En toe hulle by die driffie kom is Driesie weer heel voor. Hy hardloop dat die stof so staan, en sommer gou kan hy die ander kinders nie eens meer sien nie.

"Help my, vinnige seuntjie!" hoor Driesie weer – hierdie keer uit die boompie langs die driffie. Dis 'n voëltjie wat so roep. 'n Groot tak het van die boom afgebreek en lê nou dwars oor haar nessie! Dis te swaar vir haar om te lig. Vinnig kyk Driesie om. As hy gou maak, kan hy gou die voëltjie help. Hy draf van die pad af en gaan haal die tak uit die nessie. Dan hardloop hy weer so vinnig as wat hy kan na die resies terug. Maar ai. Vinng Sareljtjie het hom klaar verbygesteek en hardloop nou heel voor!

Driesie laat waai! Hy hardloop dat die klippies so spat, en toe hulle by die riviertjie kom het hy vir vinnige Sareljtjie verbygevat. Driesie hardloop nou weer los voor! Hy kyk nie links of regs nie. Hy hardloop net.

"Help tog gou hier, vinnige seuntjie!" roep 'n stemmetjie van die rivierklip af. Dis 'n padda wat daar sit, en sy plat pootjie sit vas tussen twee klippe! Maar Driesie is nou haastig. Hy het nie tyd om die padda te help nie! Hy moet die resies wen.

"Asseblief!" roep die padda weer. Driesie sug, hardloop van die paadjie af, en gaan lig die klip vinnig van die padda se pootjie af. Die padda duik terug in die water en Driesie hardloop terug na die resies. Maar ag aarde. Nou is daar sommer 'n hele klomp kinders voor hom! Hy sal hulle mos nooit kan vang nie!

"Hierlangs, vinnige seuntjie!" roep die hasie, en hop vooruit tussen die bome deur. Dis 'n kortpad! Driesie hardloop agter die hasie aan – so vinnig as wat hy kan! Die voëltjie fladder bo sy kop en wys waar hulle moet hardloop, en van die rivier af kwaak die ou padda nou: "Hardloop, Driesie, hardloop!"

Driesie hardloop vir al wat hy werd is, en toe hy oor die bultjie kom is die wenstreep voor hom. En raai? Daar wen Driesie sowaar die resies! Hy was nie net die vinnigste nie. Hy was ook die heel besigste!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Stories oor vreemde seediere...

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Anna Emm se nuutste kinderstories-CD “'n Ingewikkelde seekat en ander seestories” is hierdie week vrygestel! Dis heerlike, komiese stories spesiaal vir die lekker lang skoolvakansie. So tussen die lyne deur leer die kinders ook interessante feite oor hierdie eenaardige seediere, soos dat seekatte ink spuit, dat jellievissie nie breine het nie, en dat blaas-oppies hulself met hulle stekeltjies kan verdedig. Die CD kan dus met groot lekkerte in die klaskamer aangewend word ook wanneer die see-tema behandel word.

Koop hierdie CD vir slegs R80 (geldig tot Maandag 24 Nov) by enige AnnaEmm agent, of kry dit teen die normale prys (R90) by 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za

Afrikaanse kinderstories oor *seekatje en blaas-oppies en haai en jellievissie*

Anna Emm se splinternuwe storie-CD


'n Ingewikkelde seekat en ander seestories

is propvol snaaksighede...

EN dit leer so tussen die lyne vir die kinders 'n paar interessante feite oor hierdie vreemde seediere!

Stories op die CD:

1. 'n Ingewikkelde seekat
2. 'n Pamantige blaas-oppie
3. 'n Kriewelrige haai
4. 'n Vergeetagtige jellievis



Spesiale aanbod:

Koop jou Seekat storie-CD @ slegs R80!

Gewone prys R90. Slegs by AnnaEmm agente. Aanbod geldig tot 24 Nov 2014

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories-produkte te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Driesie hardloop resies illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za